R3 1-F1,
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS REFERENCE LIBRARY
L2.3.7
47

# Adv. Pirow se Nuusbrief

*Weeklikse Nuusbylae van*
DIE ANTI-KOMMUNIS.

Posbus 1270. Pretoria.

*Proefnommer.* *1 Desember 1944.*

**Die doel van hierdie Nuusbrief is aan die meeste van ons lede bekend. Daar ons hom nou egter vir 'n wyer kring beskikbaar wil stel, moet ek ons strewe in hierdie verband nogeens uiteensit.**

**Om mee te begin, laat my beklemtoon dat ons nie oor meer nuus beskik as die gewone koerante nie. Ons bydrae lê in die ontleding van daardie nuus. Daar is vandag geen — of bykans geen — publikasie wat die nuus van die dag sonder guns, vrees of vooroordeel durf analiseer nie. Die strewe na die waarheid word verydel deur imperialistiese hartstogte, politieke stemmevangery of eie belang. In elk geval word 'n beeld gegee wat óf kleurloos, óf skeef is. Ons word deur hierdie soort oorwegings nie beïnvloed nie en gee die buitelandse sowel as die binnelandse nuus soos ons dit eerlik sien, weliswaar deur 'n Afrikaner-bril, maar met inagneming van die feit dat Suid-Afrika in die eerste plek 'n stuk Westerse Beskawing daarstel.**

**Laat ons van hierdie uitgangspunt 'n bietjie rondkyk en sien wat in die wêreld aangaan.**

## OP INTERNASIONALE GEBIED

wil ek in hierdie verband die voorspelling doen dat die teenswoordige oorlog gedurende 1945 sal eindig en wel deur middel van onderhandeling. Die Bondgenote bevind hulle vandag baie in die posisie van die Tsaar gedurende die laaste oorlog. Hy het teen Duitsland die oorlog verklaar met die doel dat daardie land verpletter moet word. Hy het sy doel bereik, maar hyself en sy hele familie saam met hulle bediendes — self 'n skoothondjie was ingesluit — is deur die Bolsjewike in 'n Siberiese dorp soos skape keel afgesny.

Vandag word die Empire met hierdie selfde keelafsny bedreig. Vir meer as honderd jaar sukkel Rusland om by sekere hawens te kom om sodoende 'n werklike wêreldmoondheid te word. Orals het Engeland hom gekeer.

In die Noorde het Brittanje hom 'n ysvrye hawe aan die Atlantiese Oseaan geweier.

Die toegang tot die Middellandse See, d.w.s. die Dardanelle, was vir hom gesluit. Deur die Krimoorlog was hierdie Britse houding dwars en dubbel ingevryf.

In Persië was die Russiese invloed deur die Britse diplomasie só beveg dat die Russiese droom van 'n hawe in die Persiese Golf nooit verwesenlik kon word nie.

In die Verre Ooste het 'n Japans-Britse bondgenootskap deur middel van die Russies-Japanse oorlog Rusland se invloed en prestige tot op die nulpunt gereduseer.

### Maar Hoe Lyk Dinge Vandag?!

Die Koning van Noorweë het die Sowjets in Noord-Noorweë welkom geheet. Een van die dae sit die Russe amper reg teenoor die Skotse kus, 'n pistool na die hart van Brittanje gemik.

Die Sowjets het Bulgarye beset en kan die Dardanelle deur hulle langafstandkanonne sluit, óf Konstantinopel vat net wanneer en hoe hulle

lus het. Disraeli, Engeland se grootste Eerste Minister, sou by die blote gedagte van soiets 'n dubbele beroerte gekry het.

Persië, of Iran soos dit vandag heet, is heeltemal onder die duim van Stalin. Engeland sal nog 'n bietjie spook terwille van sy belangrike olie-konsessies, maar die pad na die Persiese Golf lê oop.

Aghanistan, die sleutel tot Indië, is onder Sowjet-kontrole, en party van Ghandi se maats kyk al met verlangende oë oor die Khyber-pas in die rigting van die naaste rooi pantser-divisie.

In die Verre Ooste — nou, daar het die Britte groot planne, maar die seggenskap berus voorlopig nog by Japan en as hy mog verslaan word, sal Rusland sy erfgenaam wees.

Voeg daarby dat van die bevryde lande Romenië, Bulgarye en gedeelte van Hongarye deur die Sowjets beset is, terwyl Griekeland, Noord-Afrika, Italië, Frankryk en België op die drumpel van die Bolsjewisme staan.

Miskien was Hitler ses jaar gelede 'n bedreiging vir die Empire, miskien ook nie, maar wie kan twyfel dat Rusland vandag 'n dodelike gevaar vir daardie einste Empire is?

Onthou verder dat die Russiese invloed in Sentraal- en Suid-Amerika by die dag toeneem en dat die kommersiële verhoudings tussen Engeland en die Verenigde State na 'n krisis toe loop en — 'n spoedige vrede met Duitsland sal vir die Bondgenote die oplossing van baie moeilikhede beteken.

**Voorlopig natuurlik sal nog met die uiterste verbittering geveg word, en as die Duitsers nie daarin slaag om vas te trap nie, sal die geallieerde militêre masjien onder sy eie momentum aanrol tot in Berlyn. Maar . . . as die militêre oorwinning nie in die voorjaar beklink is nie, sal die groeiende Russiese gevaar en die algemene onwilligheid om verdere oorlogsoffers te bring — kyk 'n bietjie wat tans in Kanada gebeur — vrede deur onderhandeling in die loop van 1945 onvermydelik maak.**

## *OP DIE TUISFRONT.*

### DIE NA-OORLOGSE CHAOS.

**Sodra die vrede kom, gaan die Smuts-regering moeilikhede hê, waarby dié wat hy vandag ondervind, kinderspeletjies is.** Dit het ons al herhaaldelik gesê en koerantberigte van die afgelope weke onderstreep hierdie indruk.

Generaal Smuts het, nadat hy hom op 4 September (met al die middels wat jingoïsme en geldmag tot sy beskikking gestel het) van die regering meester gemaak het, net vir een ding 'n oog gehad: dit was om die belange van Groot Brittanje in hierdie oorlog te dien. Vir hierdie doel het hy nie gehuiwer om die mannekrag en ekonomiese bates van Suid-Afrika op so 'n roekelose wys te verkwis dat hy 'n sosiale en ekonomiese ontwrigting veroorsaak het.

Op die oomblik word die uitwerking van hierdie wantoestand gemasker deurdat die oorlog 'n geweldige hoeveelheid geld in omloop gebring het.

### Skynwelvaart Voorloper van „ Depressie ".

Tussen Desember 1938 en Desember 1943 het die geldvoorraad in omloop in die Unie vermeerder van vyf-en-negentig en 'n half miljoen tot twee-honderd vyf-en-veertig en 'n half miljoen pond. Dit is 'n vermeerdering van 158 persent. Hierdie toename moet toegeskryf word aan oorlogsuitgawes, aan die beperking van invoer waardeur geld in die land gehou word wat anders in die buiteland bestee sou word. Hierdie geweldige toename van geld skep die indruk van welvaart, veral omdat so baie noodsaaklike artikels byna nie verkrybaar is nie en mense dan bereid is om hoë pryse te betaal of om hulle geld aan weelde-artikels te bestee of te spaar.

Word die oorlog beëindig, dan sal daar jaarliks tussen vyftig en 'n honderd miljoen pond minder in omloop wees. Dit sal beteken dat die inkomste van die mense by wie 'n groot gedeelte van die oorlogsuitgawes vandag beland, aansienlik sal inkrimp. Fabrieke wat oorlogstuig

maak, sal natuurlik moet sluit en dié wat gedeeltelik vir die oorlog produseer, sal moet inkrimp. In albei gevalle sal daar mense op straat gesit moet word. Met dit alles moet daar met 'n aansienlike vermindering in koopkrag gereken word. Dit sal op sy beurt die handel affekteer met die gevolg dat ook hier 'n inkrimping sal plaasvind en by gevolg werkloosheid.

Die Regering sal hierdie regstreekse resultaat van sy onoordeelkundige manier van oorlogvoer natuurlik bestempel as 'n onvermydelike depressie. Dit sal die mense wat daaronder ly, nie minder ontevrede maak nie.

**Nuwe Nywerhede bied geen Heenkome nie.**

Baie is gedoen om die indruk te skep dat die nywerheidsuitbreiding wat gedurende die oorlog plaasgevind het, van permanente aard is. Niemand minder as Dr. H. J. van der Bijl het onlangs hierdie storie die kop ingeslaan. **Die oorlog het geen nywerheidsuitbreiding veroorsaak nie, maar die natuurlike groei van ons nywerhede feitlik tot stilstand gebring.** Die kragstoevoer-nywerheid het in die laaste vyf jaar byna niks gevorder nie en die staalfabriek het sy produksie vir normale gebruik byna geheel-en-al gestaak. Volgens Dr. van der Bijl het die oorlog op nywerheidsgebied hoogstens 'n sielkundige uitwerking gehad: dit het ons gewys wat gedoen kan word.

Die afname in koopkrag van die hele bevolking sal baie ongunstige voorwaardes skep vir die oorskakeling van die oorlogsfabrieke na vredesproduksie. Voeg daarby dat die heropbou in Europa die grootste gedeelte van die materiaal sal verg wat die oorgeskakelde fabrieke nodig sal kry, en dit sal vir iedereen duidelik wees dat daar van planne vir hierdie soort van nywerheidsuitbreiding weinig tereg sal kom. Neem daarby in aanmerking dat die Verenigde State volgens alle beskikbare gegewens hulself voorberei om ná die oorlog op groot skaal na Suid-Afrika uit te voer, en dan sal die mees optimistiese persoon moet toegee dat so 'n skema van oorskakeling weinig kans op sukses sal hê tensy die Regering die nuwe fabrieke deur hoë doeanetariewe gaan beskerm. Minister Waterson het in Oktober dan ook beskerming onder sekere voorwaardes belowe en nadruklik gesê dat die Unie nie sal kan deelneem aan enige stelsel vir vryer internasionale handel soos beoog word deur die Atlantiese Handves nie. Blykbaar het hy hier nie namens die Regering gepraat nie, want verlede week het hy ewe nadruklik verklaar **dat die Regering nog nooit die beheer van invoer as 'n middel om plaaslike nywerhede te beskerm, beoog het nie. As ondertekenaar van die Atlantiese Handves, het hy verklaar, sal Suid-Afrika alles wat in die weg van vrye handel staan, probeer uitskakel.**

Daar is dus geen rede om aan te neem dat die 20,000 mense wat vandag in die oorlogsfabrieke werksaam is, deur oorskakeling na vredesproduksie sal opgeneem kan word nie.

**Demobilisasie.**

Die grootste probleem sal egter wees om die duisende soldate weer in die burgerlike lewe ingeskakel te kry. Dit is 'n probleem wat onmiddellik voor die deur staan ,want die Regering is van mening dat Suid-Afrika se militêre aandeel aan die oorlog van nou af baie beperk sal wees. Minister Lawrence het dan ook reeds 'n uitgewerkte demobilisasieskema wat meer as £100 miljoen sal kos, om in praktyk te bring. Sekere planne van die Regering is ook reeds gepubliseer.

Een aspek daarvan is dat die Regering doelbewus gaan diskrimineer teen mense wat nie geveg het nie. Dit beteken nie alleen dat teruggekeerde soldate voorkeur sal kry by die vulling van oop poste nie, maar dat persone wat gedurende die oorlog die pos van 'n soldaat gevul het, sal moet padgee. Wat gaan van hierdie mense van wie sommige liggaamlik ongeskiktes is, word? Word hulle eenvoudig op die straat gesit? Gaan daar ook teen „keymen" gediskrimineer word? Die feit dat die belangrikheid van hierdie mense deels deur hulsef of deur hulle

vriende geskep is, sal hulle nie minder moeilik maak as daar teen hulle ten gunste van soldate gediskrimineer word nie.

Dan is daar moeilikhede wat die soldate self raak. Ons noem 'n paar daarvan:—

(a) Daar is mense wat voor hulle by die leër aangesluit het, geen betrekking gehad het nie en ongeskoold of halfgeskoold is. Wat gaan van hulle op 'n ingekorte arbeidsmark word?

(b) Daar is mans en vrouens wat in die leër tweemaal soveel verdien as wat hulle in die siviele lewe wêrd is. Sal hulle met 'n laer lewensstandaard tevrede wees?

(c) Wat van die mans en seuns wat op 'n goeie militêre salaris getrou het en 'n familie het? Baie van hulle is reguit van die skool of universiteit af front-toe. Sal hulle sonder enige verdere kwalifikasie as dié van oudsoldaat 'n betrekking kry wat hulle in staat sal stel om 'n familie te onderhou?

**'n Onbegonne Taak.**

**Saamvattend kan vasgestel word: Die Regering sal op 'n sterk krimpende arbeidsmark, by 'n sterk agteruitgang van die nasionale inkomste met beperkte kanse van invoer en nog meer beperkte kanse van uitvoer, tienduisende — waarskynlik 'n paar honderdduisend betrekkings moet vind vir mense wat gedeeltelik half- of ongeskoold is, en wat op 'n klein persentasie na in uniform baie meer ontvang het as wat hulle in die burgerlike lewe kan verdien.**

Mens hoef geen profeet te wees om te besef dat daar chaos, opstootjies, miskien selfs burgeroorlog dreig, veral waar die kommunisme op loer lê om enige ontevredenheid onder blank en nie-blank tot die uiterste uit te buit.

Daar is net een middel om dit te voorkom. Daar moet geen onderskeid gemaak word tussen wie vóór of wie teen die oorlog was nie. Aan almal moet Sosiale Veiligheid gegee word, soos die **Nuwe Orde** dit voorstaan.

## MNR. WEICHARDT NA ANDALUSIA.

Ons verneem dat Mnr. Louis Weichardt nou finaal geïnterneer is. Ons houding teenoor hierdie saak bly onveranderd. Die toepassing van die noodregulasies op die Gryshempleier is 'n wanhopige poging van 'n totaal uitgebakte regering om die aandag van die publiek van die binnelandse gemors af te trek.

Ons het ons bondgenote aangebied om hierdie saak aan die kaak te stel óf deur middel van 'n hofsaak, óf deur middel van publieke betogings.

## U KAN DADELIK OP DIE NUUSBRIEF INTEKEN.

Hierdie uitgawe is slegs 'n proefnommer. Maar dit sal u 'n idee gee van die inhoud en voorkome van die Nuusbrief. Totdat ons die vereiste aantal intekenaars het, sal ons voortgaan om dit in afgerolde vorm uit te gee. Intekenaars sal die afgerolde nuusbrief ontvang totdat ons daartoe oorgaan om dit gereelde te laat druk.

Die Nuusbrief neem geen advertensies op nie teneinde vryheid van beleid te waarborg. Gevolglik is die publikasie heeltemal op tekengeld vir sy voortbestaan aangewese.

## KAFFERSTATLOKASIES.

Die Pretoriase Stadsraad gaan 'n lokasie oprig wat uit 'n aantal stamdorpe sal bestaan. Die stamdorp sal hoefystervormig aangelê word soos 'n kafferstat. Die huise sal ook die vorm van strooise of rondawels aanneem en die plan is om die sosiale verhoudings van die kafferstat weer in ere te herstel. Die gedagte is om die kaffer tuis te laat voel en in staat te stel om na eie aard en volgens stamgewoontes te lewe.

Terwyl die skema alle lof verdien as 'n poging om wat daar van die Bantoe-kultuur nog te redde val, te bewaar, moet dit tog nie selfs as 'n gedeeltelike oplossing van die Naturelle-probleem beskou word nie. Alleen volslae segregasie kan die blanke sowel as die naturel van ontaarding red.

Minerva, Pta.—5848—2/12/44.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.